Nomades Voetslaanklub roete-terugvoer. Korongo staproetes/naweek.

Saterdag 13 Junie tot Dindag 16 Junie 2015. *by die Ubhetyan-o-Africa wildsplaas, Noord van Middelburg, MP.* *Wildsplaas hek : S25 32 51.9, E29 33 47.9*

Anna-Marie Lottter, Norma Grotius; Jan & Corrie du Preez; Paul Snyman & Christi Blignaut; Marius Stander, Lourette & Pieter Roux, Amelia Kuhn; Piet & Illizette van Immerzeel; Christo Vlok en Wilna Moolman; Rita Jordaan, Marie van Biljon, Cecilia van Rensburg & Lily van Rhyn;18 Siele gaan saam.

Ons slaap 3 aande, Saterdag, Sondag en Maandag-aand. Ons arriveer daar Saterdagoggend. Neem Maandag verlof en Dinsdag is 'n vakansiedag.

Saterdag daag almal die oggend op, party soos ek, heelwat later as ander nadat ek nou met sekerheid kan berig dat die 'Stofberg pad' Nie die naaste pad na Korongo is nie. Die wat betyds daar was kon darm solank na die wild op die plaas kyk.

Vanaf die Wildplaas se Leeu-en-tier-kampe is dit nog sowat 10 km grondpad en ongeveer 7 plaashekke met elkeen sy eie unieke manier van oopmaak oor die vlaktes tot in die kloof waar die Korongo kamp is. Veral die laaste 1 km is nie bedoel vir 'n lae 'gewone' voertuig nie, juis daarom dat die eienaars dan ook stappers sou kon inry na die kamp. Nomades het ook twee voertuie by die 'Lodge' gelos. Die laaste entjie al dieper in die kloof ingery en die kranse raak net hoër hier langs ons. Almal is heel beinddruk met die kamp toe ons daar aankom. 'n Baie netjiese versorgde terein. Swembad en glybaan, lekker buite-braai-kuier-area en hout-dekke met 'n groot tafel en genoeg sitplekke. Die 'hoof-huis' bestaan uit die volledig toegeruste kombuis met alles in. Eetgerei, potte, panne. Yskas (wat ongelukkig nie heeltyd aan is nie, aangesien dit vanaf die 220V af loop wat net so 3-4 per dag per krag-opwekker verskaf word) en vrieskas. Dan ook net Een gasplaat, wat bietjie sleg was as meer as een persoon iets wil kook of gaar/warm maak, die mikrogolf het ook bietjie gesukkel. Die twee storte in die twee badkamers het lekker vuurwarm water (per donkie, wat vir ons gestook is (wat 'n bederf)). 'n Lekker groot kuier-kamer met banke in die middel en dan 3 kamers wat onderskeidelik 3, 5 en 4 slaap. Dan is daar ook nog 'n buite-houthuis wat 4 slaap en nog twee kleiner houthuisies wat elk ongeveer net die 2 beddends pas, goed vir paartjies. Die kamp kan dus 20 slaap. Hermando, die vriendelike plaaslike kamp-werker is ook 24 uur van die dag beskikbaar om die donkie te stook, skottelgoed te was, vuur te maak, en skoon te maak en die kragopwekker op ons versoek aan of af te sit. 20 Liter brandstof en hout is ingesluit by die prys.

Nadat almal 'n lê-plekkie gevind het (Beddegoed was ook ingesluit) en middagete/vervessings geniet het, maak almal gereed vir ons eerste stappie. Die geel roete is volgens dokumentasie 5.5km. Die begin is goed gemerk en ons begin pad-langs te loop, maar o-wee. So dertig meter nadat ons die eerste afdraai neem net na die spruitjie raak die paadjie weg. Ons gaan terug na die kar-pad. Ons kry weer die merkers en nadat dit weer afdraai vanaf die karpad kry ons weer nie die paadjie, heeltemal toegegroei. Ons loop maar nog 'n ent aan met die motor-pad en geniet die mooi van die kloof waarin ons nou is vanaf die grond-motor-pad en keer met dieselfde pad later terug na die kamp. Norma het pannekoek-gerei en bestandele saamgebring en bak die middag vir ons almal op die een-stadige-gas-plaat. Dankie vir die' lekker bederf en moeite. Saterdagaand lekker om die braaivleisvure gekuier. Lekker koel gewees, met die son wat maar vroeg middag ook al agter die hoë rante verdwyn het.



Sondag oggend lê ons almal bietjie in. Dit neem 'n tydjie om gewoond te raak aan die 'anderste' skedule van die naweek. Ons moet 12:00 by die Lodge wees om te kyk hoe die leeus gevoer word en daarna sal ons middagete by die restaurant eet. Ons maak die motors vol rondom 11h00 na 'n laat-ligte-ontbyt en begin die 10km/ongeveer 45 minute rit terug weer deur die 7 hekke en deur die gewone wildkamp, waar ons weer die Witrenosters en vele ander bokke en diere ook sien. Toe die leeus hulle rou vleis-stukke met 'n klankie kry het somige mense maar gemengde gevoelens ook die leeus in die kampe en die voerdery, maar tog 'n intresante ervaring. Baie fotos word hier van die gewone bruin leeus en die 'split' wit leeus geneem. Heelwat kleiner diere is ook hier op kamp. By die lodge self is ook selfsorg eenhede waar mens sommer net vir die naweek sou kon kuier en 'n groot netjiese swembad. Na 'n baie lekker ete met poeding ens, nog bietjie rondgekuier en diere gekyk en die pad teruggeneem kamp toe. Die aand maak Piet ons daarvan bewus dat elkeen tog sy laer en hoërskool krete en liedere behoort te ken en stel die voorbeeld deur syne vir ons 'voor te dra'.

Aangesien ons bevrees was, wat toe gegrond was dat die langer stap(6.3km) wat ons Maandag beplan om te doen ook nie baie duidelik gemerk en dalk ook toegegroei sou wees, reël ek dat die eienaars ons die Maandag kom 'gids'. Ook maar goed, anders het ons dalk by Buffulo Gorge of Silverfalls ge-eindig. Die stap was toe eindelik heel lekker. Susan, Deon en span het voorgeloop en soms vir ons 'n roete 'geskep'. Soms was ons op die roete. Hulle was aanvanklik heel versigtig en dalk bietjie bekommerd dat die klompie oorwegend ouer persone teen die styltes, oor klippe en deur bosse moes beur. Maar ons stappers mentaliteit en ervaring het hul gou oortuig ons *het* dit al gedoen. Op in die klofie, oor die stroompie en pad. Die wêreld is maar droog hier. Op na die bo-kant van die plato. Hier moes ons bietjie pad soek, en daar ook nuwe *roetes* geskep, maar ons kom bo. Nou is die paadjie mooi en duidelik gemerk met sy blou voetspoortjies. Heelwat bome is ook gemerk hul name en nommers. Mooi uitsigte oor die uitgestrekte rollende koppies en klofies voor ons. Mooi rots formasies. Dan steil af en onder die kranse deur en steil af. Die laaste entjie padlangs tot by die kamp.
'n Lekker stap gewees en mooi uitsigte. 'n Suksesvolle stap-dag.

Dinsdag oggend, wat vakansiedag was, pak ons vroegerig op en ry finaal terug Lodge toe. Dit het mooi pak en beplan gekos om die persone wie se motors by die Lodge was, en hul bagasies saam met ander motors in te laai. Susan het ons help inry Saterdag. Sy het vir ons ook 'n komplimetêre ontbyt aangebied wat ons met graagte aanvaar. Lekker vars gebakte brood, spek, eiers ens. Daarna neem die eienaar ons op 'n begeleide stappie om die leeukampe, verby die jonger tiers en dan wys Deon ons die hyienas en van die ander diere waarvan hulle sommige in die huis grootgemaak het. Dan ook verby die kruise wat hulle opgerig het waar 2 van hul witrenoster in Maart gejag is. Die ma het ook 'n kleintjie gedra. 'n Hartseer gesig. Puik gasheer-en-dame. Mense met 'n passie vir die diere wat hul versorg.

Defnitief nie Nomades se standaard stap-naweek nie, 'n heerlike buffet middagte, 'n aansit spek en eier ontbyt, leeu-voer, wild-lewe-toer, en 'n ge-gidsde-bundubush-roete-ondekking. Maar alles en alles, het ons baie lekker gekuier, lekker gestap en mooi uitsigte beleef en heerlik ge-eet. Susan en Deon het onderneem om ernstig, veral noudat hulle self ook die staproetes beleef het, dit mooi oop te sny, en waar nodig meer merkers op te sit sodat enige iemand die roete self ook kan stap sonder om te verdwaal of onseker te voel. Hulle beplan ook om per geleentheid 'n kaart te laat maak van die roetes.
Sien ook www.ubhetyan.com. Bel 082 921 3995 (Susan) vir meer info op die wildsplaas.

```
Kostes:
 Drie aande @ Korongo kamp @ R3500 per nag(kanp kan 20 slaap) = R10,500
 Ete Sondag middag (R100 per ete).                             = R 1,800
 Charcole en aanstekers                                        = R   230
Inbetalings (R760 per nie lid, R715 per lid)  = R12985
Projek wins: R455
```



Vriendelike stapgroete
Marius Stander

e-pos :
MariusStanderPTA@gmail.com
Nomades Voetslaanklub.
www.nomades.co.za

2015/07/14